

N.G. Kerk Fochville-Noord

Oktober en November 2021

Voluit vir Christus

Met my hele hart in 2021



Covid 19 – vlak 1

Ons kerk is oop vir almal

Jy is ook welkom

Iemand het geskryf: Covid het baie mense fisies laat sterf en dit is 'n groot hartseer, maar Covid het dalk ook baie mense geestelik laat afstomp of sterf en dit is ook baie hartseer.

Skielik sukkel gemeentes om hulle lidmate terug te kry in die eredienste.

Miskien het ons lidmate gewoon geraak daaraan om nie meer kerk toe te gaan nie en is hulle bederf met preke op “facebook” en “youtube”.

Hoe gaan dit met jou?

Verlang jy nie terug na jou broers en susters nie?

Hulle het jou nodig.

Kom aanbid saam met hulle – dit is veilig...

Dit is ook heerlik om saam te aanbid...

Dankie vir almal wat reeds weer getrou is...

2

Ons FAMFEST was 'n fees gewees

Ons dank die Here vir 'n wonderlike FAMFEST wat Hy vir ons gegee het. Dit is 'n groot voorreg om vir die Here te kan dankie sê met jou hande en jou middele.



Ons kan baie fotos wys maar miskien is die beste getuie van die Here se seën oor ons gemeente die foto van die kerkseal se deur geneem is. Die hele week voor die basaar was gekenmerk deur reën en storms. Woensdagaand was daar 'n groot storm wat ons teetuin se tent heeltemal verwoes het sodat die versekering hom moes uitbetaal. Donderdagnag het dit baie gereën en die wind het sterk gewaai. Ons het gebid en gevra dat die Here ons fees moet seën en Hy het. Die oggend 9 vm. toe trek die hemelruim oop en ons kon Losberg sien. Toe breek 'n wonderlike geseënde dag aan.

Na ons tweede verkoping kon ons vir die gemeente die goeie nuus gee dat die inkomste vir die Famfest R 968 000,00 is. Intussen het dit vermeerder na byna 'n miljoen Rand.

Ons is so dankbaar vir so 'n groot fees en dit in Covid tyd.

Dankie vir elkeen se aandeel en harde werk tot Eer van die Here.

Johan en Marlie Olivier (Mulder)



Baie geluk aan Johan en Marlie met hulle huwelik op Saterdag 16 Oktober. Hulle is op Elandsfontein by ons kampterrein getroud deur Ds. Johan. Dit was 'n lekker feestelike middag en aand saam. Die familie en vriende het dit baie geniet op Elandsfontein. Baie geluk aan die paartjie. Ons is bly hulle woon in ons gemeente.

Steffan en Riandi Mynhardt (Jaggals)

Steffan en Riandi is op 7 Oktober in Parys deur Ds. Pieter getroud. Hulle het albei in Fochville grootgeword en in ons gemeente belydenis afgelê. Steffan is (oorlede) Nick en Roxanne Mynhardt se seun en Riandi is George en Lettie Jaggals van Uitbr. 2 se dogter. Dit is vir ons lekker om te weet dat hulle nou in ons gemeente woon. Ons hartlike gelukweninsing aan die paartjie wat so mooi gelyk het. Baie geluk aan hulle ouers ook. Mag julle almal die vreugde van die Here in hierdie huwelik ervaar.



Henri en Martinel Cilliers (Kloppers)

Henri en Martinel is op 30 Okt. deur Ds. Pieter buite Parys in die huwelik bevestig. Martinel kom van Botswana af. Sy was in Volksskool in Potch, waar sy en Henri mekaar ontmoet het. Henri is Jurie en Ina Cilliers van Leeuwoort Suid se seun. Goeie nuus vir ons gemeente is dat die paartjie ook in Leeuwoort Suid wyk wwon en gaan inskakeel. Henri werk saam met sy pa as kontrakteur en Martinel is 'n onderwyseres. Baie geluk vir die paartjie en hulle ouers met die groot dag in hulle lewens.



Willie Brits oorlede

Willie is gebore in Ventersdorp op 10 Jan. 1946 as een van 12 kinders. Sy pa was 'n boer en ook 'n diamantdelwer van beroep. Willie is in 1969 met Hannatjie getroud. Uit die huwelik is twee dogters, Nolene en Ronell gebore. Nolene is getroud met André van Deventer en Ronell is getroud met Gerrit Victor. Albei paartjies woon in die gemeente. Willie en Hannatjie het 5 kleinkinders. Willie was area bestuurder van die Poswese. Hulle woon al 25 jaar in ons gemeente. Ons bid vir Hannatjie en die familie vir troos en krag in die hartseer tyd. Ons dank die Here vir sy mooi lewe en mooi geaardheid. Ons sal Willie mis in die gemeente.



Pottie Potgieter oorlede



Pottie en Annemarie Potgieter is twee mense wat diep spore in ons gemeente en in ons harte getrap het. Pottie is op 7 Aug. 1954 gebore en is oorlede op 29 Sept. 2021. Dit was vir ons almal 'n groot skok om van sy skielike dood te verneem. Pottie en Annemarie het in 2004 in ons gemeente ingetrek. Hulle was 14 mooi jare deel van ons gemeente as ouderlingspaar. Hulle het saam getoer en was deel van ons tentjetoer groep. Hulle het in 2018 na Groot Brakrivier verhuis.

Ons bid vir Annemarie en die kinders in hierdie baie hartseer tyd. Ons het hulle nie vergeet nie, al woon hulle nie meer in ons gemeente nie. Hulle het vriende gebly. Ons bid vir Annemarie vir troos en krag.

Frik Jansen van Rensburg oorlede

Frik is op 21 September oorlede na 'n kort siekbed. Hy was 66 jaar oud. Hy is op 6 Jan. 1955 in Randfontein gebore as die 3 de van 5 kinders.

Frik is in 1978 met Kotie getroud. Hulle het die laaste 30 jaar in Fochville en omgewing gewoon.

Frik het jare lank op die myn gewerk voordat hy in die Kongo gaan werk het. Die laaste paar jaar het hy in Saoedi Arabië gewerk.

Frik en Kotie het 3 kinders en 3 kleinkinders.

Hulle was nog altyd getroue kerkgangers. Hy het dit baie waardeer toe ons gemeente in Covid tyd begin het om die dienste uit te saai. Hy kon elke Sondag inskakel en op die manier meer tuis voel in die vreemde.

Ons dink aan Kotie en die kinders en bid vir hulle vir troos. Ons almal mis vir Frik met sy opregte en vriendelike geaardheid.



Kerkraadslede bevestig

Die afgelope maand was vir ons kerkraad baie geseënd met 'n paar nuwe kerkraadslede wat bygekom het op die kerkraad.

André en Wilma van Gent was die diakenspaar van wyk 1 maar is nou bevestig as die ouderlingspaar in wyk 1. Baie geluk. Mag die Here julle wonderlik seën in Sy diens



Pieter en Amanda Odendaal is bevestig as ouderlingspaar en dien nou in Uitbr. 2 wyk 3. Baie geluk en baie welkom terug op die kerkraad.



Herculé en Susan du Preez van Eerste straat is bevestig as ouderlingspaar vir Uitbr. 5 wyk 3. Hulle was albei in die onderwys en het verlede jaar afgetree. Dit is so lekker dat hulle nou voluit kan betrokke wees by die werk van die Here. Baie geluk en baie welkom op die Kerkraad.



Wentzel en Alicia van Zyl is bevestig as diakenspaar vir Uitbr. 5 wyk 1. Hulle dien saam met Renier en Marli Duvenhage in die groot wyk waar Tinus en Ester van Zyl die ouderlingspaar is. Baie geluk en baie welkom op die kerkraad.



Johan en Martenique Nell is bevestig as diakenpaar in wyk 2 Oos waar hulle woon. Morné en Veronica Botha wat daar diakenspaar was, skuif nou na wyk 5 Oos saam met Caroline van der Werff. Baie welkom op die kerkraad.

Ewan Jacques Smit gedoop

Klein Ewan Jacques Smit is op Sondag 10 Oktober in ons kerk gedoop.

Hy is die tweede seuntjie van Kevin en Melissa Smit van Uitbr. 2 wyk 6. Dit was 'n dag vol dankbaarheid want klein Ewan is te vroeg gebore, toe Melissa Covid gekry het.

Ons gemeente het baie vir hom gebid. Melissa is Francois en Annemaie Kroukamp se dogter.

Baie geluk aan hulle as familie met die groot geloofstap. Mag die Here hulle wonderlik seën as gesin.



Ons kruis word vol

Ons kruis het vol geword.

Baie dankie vir elke lidmaat wat Sondae 'n klippe in die kruis gegooi het.

Aan die begin van 2022 gaan ons op 'n Sondag die plaat onthul wat ons DV by die kruis gaan vassit.

Dit gaan dien as herinneringsteken dat die Here ons gemeente deur die Covid pandemie bewaar het.

Ons sal betyds vir die gemeente kennis gee wanneer en hoe dit gaan gebeur.



Die belydenisklas van 2021

Die groep jongmense van 2021 se belydenisklas het saam met Ds. Pieter en Marina gekamp as finale deel van hulle geloofspad voor hulle belydenis afgelê het op Sondag 7 November die aand.



Bo is die klas gedurende die kamp wat plaasgevind het op Bernard en Katrien Rabe se plaas.

Onder is die groep jongmense voor die preekstoel terwyl Ds. Pieter en Marina besig is om hulle geluk te wens.



EPIX en KIX sluit af

Op Vrydag 5 November die middag het die KIX afgesluit en die aand het die EPIX afgesluit. Dit was 'n baie moeilike jaar vir ons jeugaksies aangesien ons vir lang tye nie kon bymekaar kom nie. Ons bid en glo dat 2022 weer 'n meer normale jaar gaan wees en dat ons kinders en jongmense weer in groot getalle by die kerk gaan opdaag.

Die KIX baljaar lekker by die kerk met hulle afsluiting.



Die jongmense het lekker by Jannie en Amanda de Wet op die plaas gekuier en gebraaie as afsluiting. Dit was somer 'n geleentheid om mooi dankie te sê vir al die leiers wat so getrou help by die KIX en die EPIX.

Oom Jannie word 90

Op Maandag 15 November het een van ons groot staatmakers in die Gemeente 90 jaar oud geword.

Jannie Coetzee is op 15 November 1931 op Garies in die Namakwaland gebore. Hy was die vierde oudste van 12 kinders.

Hy het op Garies matriek geskryf voor hy op die myne gaan werk het waar hy afgetree het as terreinbestuurder.

Hy en Tannie Tilly is 47 jaar gelede getroud toe sy vrou, en haar man, oorlede is. Hy het twee kinders. Hulle woon al 38 jaar in ons gemeente.

Baie geluk Oom Jannie. Mag die Here Oom Jannie en Tannie Tilly nog lank saam seën. Dankie vir al oom se gebede en dat oom so getrou is.



Hoërskool Fochville presteerders



Hierdie groep jongmense is almal van ons gemeente en is almal wat meriete toekennings en trofeeë ontvang het by die Hoërskool se prestasieaand.

Laerskool Fochville se Fochieraad 2022



Die kinders van ons gemeente op die Fochieraad vir 2022 is by Laerskool Fochville is;

Agter; Ruzelle Kemm, Chelize Beckmann, Danika Coetzee en Jeandré Buys.
Voor: Nelis du Preez, Stephan Schutte (hoofseun), Lea-Mae Jordaan, Janco McGill (onder-hoofseun), en Jaco du Preez.

Inlas foto is Marlie Theron wat afwesig was toe die foto geneem is.

Baie geluk aan die kinders en hulle ouers met die groot prestasie.

Hoofleiers vir 2022

Stephan Schutte is die nuwe hoofseun en Janco McGill is die nuwe onder-hoofseun. Stephan is Kykle en Tahrien Kemm se seun. Janco is Marius en Mandie McGill se oudste seun. Baie geluk aan die twee seuns en hulle ouers met die besondere prestasie. Mag hulle saam met die Fochieraad goeie leiers wees in 2022.



Kinders van ons gemeente wat besondere prestasie behaal het by Laerskool Fochville

Gr. 1

Agter:

Ivan Nel, Ruan Rautenbach
en Kristian Nell

Voor:

Hanrik du Plessis, El-cé
van Zyl en Demi Zeelie.

Baie geluk...



Gr. 2

Agter:

Claudette Grobbelaar,
Danika Coetzee en
Jané Victor.

Middel:

Jandré Steenekamp,
Ryan Nel, Amy Snyman,
en Luhan McGill.

Voor:

MJ Ebersohn, Juan
Jurgensen, Dylan Botha
en Henru Coetzee
van Zyl en Demi Zeelie.

Baie geluk...



13

Gr. 3

Agter:
Cayden Delport, Annabelle Smith, Delanie Nel, Lianey Van Heerden en Jana Mulder.
Voor:
Jaco Pretorius, Deahan Zeelie, Bismarck Bence en Kayden

Baie geluk...



Nog Gr. 3 kinders

Delaney Greyling, Conrad Nel, Wian Jordaan en Emke Jerling.

Baie geluk...



Gr. 4

Agter:
Daniël Nel, Anika en Danika van Deventer
Voor:
Neil van Meersbergen, Hazel Snyman en Ansuné Beaumont.

Baie geluk...



14

Gr. 5

Agter:
Elaine Nel, Clarissa en Annabelle Smith.
Voor:
Jacques Astle, Juandré Graaff, Morné Muller en Franco Cilliers.

Baie geluk...



Gr. 6

Agter:
Ruzelle Kemm, Chelize Beckmann, Danika Coetzee, Jeandré Buys, en Herman Beaumont.
Voor:
Nelis du Preez, Stephan Schutte, Lea-Mae Jordaan, Dewald Greyling, Janco McGill en Jaco du Preez.

Baie geluk...



Gr. 7

Agter:

Zané Mulder, Alexis Nel,
Michaela Cronjé, Janneke
Coetzee, Bianca van
Heerden en Danika Nel.

Voor:

Christiaan Botha, Jayden
Palm, Deweald Prinsloo,
en Katie Sylvestre.

Baie geluk...

**Ds. Johan tree uit as Moderator**

Ds. Johan aan die woord tydens die
laaste Sinodesitting van Goudland op
Donderdag 11 November.

Ds. Johan was moderator van Goudland
vir die laaste 5 jaar.

Voor dit was hy vir 4 jaar Aessor van
Goudland gewees.

Hy het nou uitgetree.

Hy sê hy is dankbaar dat dit nou goed
gaan met Goudland sinode.

Die nuwe leierspan kan nou verder bou
vir die toekoms.

Ds. Johan bly voorsitter van Goudland
se fondse kommissie en bly voorsitter
van die trustees van die De Jager
Steynfonds.

**Advertensieblad**

Het jy iets om te adverteer?

Ons wil graag vir ons gemeentelede tot diens wees.

Jy is welkom om jou advertensie vir Petru Barnard te stuur

skriba@ngfochvillenoord.co.za

Ons het besluit om 'n donasie te vra vir advertensies wat
geplaas word. Dit help vir die koste van die uitgee van die
Boodskappertjie.

- * R400.00 = A5 (210x148mm)
- * R300.00 = A6 (105x148mm)
- * R200.00 = A7 (74x105mm)
- * R100.00 = A8(52x74mm)

skriba@ngfochvillenoord.co.za

KAMEELDORING
BRAAIHOUT



Dirk Human: 073 921 3264